Meer gevalle aangemeld

Elke vrou het 'n een uit nege kans om in haar leeftyd borskanker te kry.

Dit kan enige tyd met enigiemand gebeur, hoewel ouderdom, blootstelling aan hormone, gewig, alkohol-inname en gene 'n rol speel.

Volgens drs. Shirley Lipschitz en Louella Ritz van die Breast and Bone Clinic in Johannesburg kan die vroeë opsporing van kanker lewens red.

Die getal gevalle van borskanker wat by dié kliniek aangemeld word, is aan die toeneem. Omdat die moderne vrou aan meer hormone blootgestel word, is haar risiko om borskanker te kry groter. Redes hiervoor sluit in: 'n Menopouse wat later intree, vroue het deesdae minder kinders, hulle kry hul eerste kinders op 'n later ouderdom en hulle borsvoed minder, of glad nie.

Gedurende Oktober word op die gevare van borskanker gefokus. Foto: ALET PRETORIUS

Gesonde eetgewoontes is belangrik om verskeie soorte kanker (insluitend borskanker) te voorkom. Foto: TALITA UYS

Nog redes vir die toename in borskanker is hoër alkoholgebruik, oorgewig en 'n afname in oefening. "Die profiel van vroue wat ons kliniek besoek bewys dat hedendaagse vroue aan meer stres blootgestel word as ooit tevore. Baie van hulle het al groot trauma – soos egskeiding – beleef," sê Lipshitz.

Aan die ander kant kan die toename in aangemelde gevalle van borskanker ook toegeskryf word aan vroegtydige diagnosering. "Ons kan deesdae kleiner gewasse vroeër opspoor. Dit vergroot natuurlik die pasiënt se kans om die siekte te oorwin," sê Ritz.

Dis belangrik dat vroue ingelig is. Hoe meer 'n vrou oor die siekte weet, hoe groter is die kans dat die kanker vroeg opgespoor word én hoe groter is haar kanse op oorlewing. Alle vroue moet gereeld self hul borste ondersoek en diegene ouer as 40 moet gereeld vir mammogramme gaan.

As dit nodig is, sal die dokter reel vir 'n biopsie. "Ons bevestig 'n diagnose van borskanker met 'n biopsie en besluit dan oor die behandeling," sê dr. Marcus Gritzman, lid van die Nasionale Patologie-groep (NPG).